

17.4 RAPPORT DEPUTATE EMERITAATSVERSORGING – THUSOFONDS VIR EMERITI (Artt 234, 235, 280)

17.4 REPORT DEPUTIES EMERITAATSVERSORGING : THUSO FUND FOR EMERITI (Artt 234, 235, 280)

- A. Ds CA Jansen stel die Rapport en Aanvullende Rapport.
Rev CA Jansen tables the Report and Supplementary Report.
- B. **Besluit:** Punt 2 van die Rapport word verwys na die Finansiële Kommissie.
Decision: Point 2 of the Report referred to the Financial Commission.
- C. Dr EJ de Beer rapporteer namens die Finansiële Kommissie.
Dr EJ de Beer reports on behalf of the Financial Commission.

D. RAPPORT / REPORT

<p>1. Sake waarvan die Sinode kennis neem</p> <p>1.1 <i>Opdrag:</i> Acta 2012:209, 3.1-3.3.</p> <p>1.1.1 Aan die benoeme Deputate word opdrag gegee om die verdere bestuur van die Thusofonds te reël kragtens die Ordereëlins hiervoor.</p> <p>1.1.2 Gee uitvoering aan alle sake waaroor die Sinode besluit het.</p> <p>1.1.3 Emerituspredikante en emeritus-weduwees is deurlopend by Thuso ingeskakel.</p> <p>1.1.4 Die stand van die Thusofonds word in die aangehegte finansiële state (ongepubliseerd) weerspieël.</p> <p>Besluit: Punte 1.1.1 tot 1.1.4 kennis geneem.</p> <p>2. Sake waaroor die Sinode besluit</p> <p>2.1 Deputate word benoem om die Thusofonds te bestuur kragtens die Ordereëlins.</p> <p>2.2 Die te benoeme deputate gee uitvoering aan alle besluite deur die Sinode geneem.</p> <p>2.3 Klassisse word ernstig versoek om deurlopend ondersoek in te stel of alle emerituspredikante en emeritus-weduwees in elke betrokke Klassis, vir wie Thuso bedoel is, wel by die fonds ingeskakel is; en om die inligting onverwyld aan die Deputate deur te gee.</p> <p>2.4 Die Sinode neem met dank teenoor die Here kennis van die stand van die Thusofonds vir emeriti.</p> <p>Besluit: Punte 2.1 tot 2.4 goedgekeur.</p>	<p>1. Matters that the Synod take note of</p> <p>1.1 <i>Assignment:</i> Acta 2012:209, 3.1-3.3.</p> <p>1.1.1 The appointed Deputies are given the assignment to arrange the further management of the Thuso fund in terms of the Stipulations.</p> <p>1.1.2 Execute all matters over which the Synod has decided.</p> <p>1.1.3 Emeritus reverends and the widows of emeritus reverends continuously join Thuso.</p> <p>1.1.4 The state of the Thuso Fund is reflected in the attached financial statements.</p> <p>Decision: Points 1.1.1 to 1.1.4 noted.</p> <p>2. Matters that the Synod decide on</p> <p>2.1 Deputies are appointed to manage the Thuso Fund according to the Stipulations.</p> <p>2.2 The to-be-appointed Deputies enact the decisions made by the Synod.</p> <p>2.3 Classes are seriously requested to continuously inquire to whether all emeritus reverends and the widows of emeritus reverends in each respective Classis, for whom Thuso is intended, has indeed joined the fund; and to immediately pass on the information to the Deputies.</p> <p>2.4 The Synod takes note of the state of the Thuso Fund for emeriti with gratitude to the Lord.</p> <p>Decision: Points 2.1 to 2.4 approved.</p>
---	---

<p>2.5 Die Deputate beveel dat 2 kollekte vir Thusofonds ingesamel word.</p> <p>Besluit:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Punt 2.5 goedgekeur. 2. Goedgekeur dat die Reglement van die Dankbaarheidsfonds aangepas word, sodat daar ook skenkings gemaak kan word vir alle emeritaatsversorgingfondse. <p>Motivering: Emeritaatsversorging sluit ook bydraes aan die EVT en Thusofonds in. Die Dankbaarheidsfonds het aangedui dat hul ook graag skenkings aan die Thusofonds sou wou maak.</p>	<p>2.5 The Deputies recommend allocating 2 collections to the Thuso Fund.</p> <p>Decision:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Point 2.5 approved. 2. Approved that the Regulations of the Dankbaarheidsfonds be amended in order for donations to be made for all retirement care. <p>Motivation: Retirement Care includes all contributions to the EVT and Thuso fund. The Dankbaarheidsfonds also indicated that they want to make donations to the Thuso Fund.</p>
--	--

E. AANVULLENDE RAPPORT / SUPPLEMENTARY REPORT

<p>1. Sake waarvan die Sinode kennis neem</p> <p style="text-align: center;">ORDEREËLING VIR EMERITAATSVERSORGING MET BEHULP VAN DIE THUSOFONDS (hierna die Fonds genoem)</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. DOEL VAN DIE FONDS Die hulpfonds sal in die besonder hulp verleen aan emeriti van die voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn en hulle afhanklikes. Thuso vir emeriti moet ook in die toekoms hulp verleen aan emeriti wie se pensioen uit die GKSA Predikante Pensioenfonds te laag is om eervol versorg te word. 2. WYSE VAN VERSORGING Die onderhoud van 'n emerituspredikant en emeritusweduwee geskied volgens KO, artt 13 en 20 deur die kerk wat hy laaste gedien het. Die kerke handhaaf 'n ooreenkoms om mekaar in hierdie versorging tot hulp te wees. 3. VERSORGINGSMIDDELE <ol style="list-style-type: none"> 3.1 Die middele vir die onderhoud van die versorging word voorsien deur: <ol style="list-style-type: none"> 3.1.1 Verpligte ramings en kollekte soos deur die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (hierna die Sinode genoem). 3.1.2 Vrywillige bydraes deur kerke en individue. 3.1.3 Die beleggingsopbrengs en indien nodig, die kapitaal van die Fonds. 3.2 Die Fonds is nie 'n pensioenfonds nie maar wel 'n reserwefonds. 	<p>1. Matters the Synod take note of</p> <p style="text-align: center;">ORDERING FOR EMERITUS CARE BY MEANS OF THE THUSO FUND (hereinafter referred to as "the Fund")</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. OBJECTIVE OF THE FUND This fund will especially offer assistance to retired ministers of former Synod Midlands and Classis Capricorn and their dependents. Thuso must also in future provide aid to retired ministers whose pension, from the GKSA Pension Fund, is inadequate for decent care. 2. MANNER OF CARE A retired minister and emeritus widow are cared for by the last church at which he served, according to CO, arts 13 and 20. The churches uphold an agreement to aid each other in providing this care. 3. CARE SOURCES <ol style="list-style-type: none"> 3.1 Sources for maintaining care are the following: <ol style="list-style-type: none"> 3.1.1 Compulsory "ramings" and collections, as per the General Synod of the Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (hereinafter referred to as "the Synod") 3.1.2 Voluntary contributions by churches and individuals 3.1.3 The investment return and, if necessary, the capital of the Fund 3.2 The Fund is not a pension fund, but a reserve fund.
---	---

<p>3.3 Die grootte van die ramings, die aantal verpligte kollektes en die insameling van vrywillige bydraes word deur die Sinode bepaal, op aanbeveling van die Deputate vir Emeritaatsversorgingstrust (hierna die Deputate genoem).</p>	<p>3.3 The size of the “ramings”, the number of compulsory collections and the raising of voluntary contributions are determined by the Synod, upon the recommendation of the Deputies: Emeritus Care Trust (hereinafter referred to as “the Deputies”).</p>
<p>4. DEPUTATE EMERITAATSVERSORGINGSTRUST</p>	<p>4. DEPUTIES: EMERITUS CARE TRUST</p>
<p>4.1 Elke Sinode benoem Deputate wat ook terselfdertyd die sake van die Fonds sal hanteer.</p>	<p>4.1 Every Synod appoints Deputies that also manage the affairs of the Fund.</p>
<p>4.2 Die mandaat van hierdie Deputate word deur die Ordereëling van die Fonds bepaal.</p>	<p>4.2 The mandate of these Deputies is determined by the ordering of the Fund.</p>
<p>5. DIE ADMINISTRATIEWE BURO</p>	<p>5. THE ADMINISTRATIVE BUREAU</p>
<p>5.1 Die Administratiewe Buro (hierna die Buro genoem) is verantwoordelik vir die invordering van die ramings en kollektes, die administrasie van die gelde en die uitkeer van die emeritaatsonderhoud namens die Kerkraad. Hieroor word 'n verslag aan die Deputate en aan die Sinode verskaf.</p>	<p>5.1 The Administrative Bureau (hereinafter referred to as “the Bureau”) is responsible for the collection of “ramings” and collections, the administration of the monies and the payment of emeritus care on behalf of the Church Council. A Report is also submitted to the Deputies and the Synod.</p>
<p>5.2 Die adres van die Administratiewe Buro dien as adres vir die Deputate.</p>	<p>5.2 The address of the Administrative Bureau serves as the address for the Deputies.</p>
<p>5.3 Die emeritaatsonderhoud word as traktement maandeliks vooruit deur die Administratiewe Buro uitgekeer. Hoewel hierdie onderhoud om praktiese redes namens die Kerkraad direk aan die versorgde uitbetaal word, kan die Deputate op gemotiveerde versoek van die betrokke Kerkraad reël dat dit oorbetaal word aan die versorgde se Kerkraad, of aan 'n instansie wat die betrokke se versorging behartig.</p>	<p>5.3 Emeritus care is a salary paid out monthly in advance by the Administrative Bureau. Although this payment is made on behalf of the Church Council directly to the beneficiary, the Deputies may arrange upon the motivated request of the relevant Church Council that it be paid out to the beneficiary's Church Council or to an institution that manages the beneficiary's care.</p>
<p>6. VLAK VAN VERSORGING</p>	<p>6. LEVEL OF CARE</p>
<p>6.1 Die emeritaatsonderhoud dien om kerke in staat te stel om volgens hierdie Ordereëlings emeritaatsversorging te bied soos die Kerkorde dit vereis.</p>	<p>6.1 This Ordering serves to enable churches to provide such emeritus care according to the stipulations of the Church Order.</p>
<p>6.2 Versorging word bepaal deur die Deputate Emeritaatsversorging – Thusofonds.</p>	<p>6.2 Care is determined by the Deputies: Emeritus Care – Thuso Fund.</p>
<p>6.3 Die basisbedrag word in ooreenstemming met die besluite van die Sinode jaarliks deur die Deputate aangepas tot met die volgende Sinode. Die Deputate maak aanbevelings aan</p>	<p>6.3 The base amount is adjusted annually, in accordance to the decisions of the Synod, at every Synod. The Deputies make recommendations to the Synod over the future care level.</p>

<p>die Sinode oor die toekomstige versorgingsvlak.</p> <p>6.4 Om Kerke in staat te stel om hul emeriti te versorg, word die volgende formule gebruik:</p> <p>6.4.1 Versorging vir 'n egpaar: <u>Ouderdom op 1/7/2009 min</u> <u>bevestigingsdatum X Basisbedrag</u> 38</p> <p>6.4.2 Versorging vir 'n egpaar: 100% van die versorgingsbedrag.</p> <p>6.4.3 Enkelpersoon: 70% van 6.4.2.</p> <p>6.5 Hierdie emeritaatsonderhoud is nie aan 'n bepaalde salaris gekoppel nie, maar dien daartoe om die kerke in staat te stel om volgens hierdie Ordereelings emeritaatsversorging te bied soos die Kerkorde dit vereis.</p> <p>7. AANVANG VAN VERSORGING Die emeritaatsonderhoud van 'n emerituspredikant neem 'n aanvang op die eerste dag van die maand wat volg op die maand waartydens hy geëmeriteer het, en nadat die Kerkraad en met goedkeuring van die Klassis behoorlik kennis gegee het aan die Deputate met voorlegging van die nodige stukke.</p> <p>8. BEËINDIGING VAN VERSORGING</p> <p>8.1 Dit is die verantwoordelikheid van die Kerkraad waaraan 'n emeritus volgens KO, artt 13 en 20 verbonde is, om die Deputate dadelik in kennis te stel van 'n versorgde se afsterwe, sodat die onderhoud vir die oorledene gestaak en, indien toepaslik, versorgingsaanpassings vir die gesin gedoen word.</p> <p>8.2 Indien 'n predikant/professor ingevolge KO, artt 79 en 80 uit sy amp afgesit word of volgens KO, art 12 oorgaan tot 'n ander staat van lewe, het hy en sy gesin geen aanspraak op uitkerings of onderhoud uit die Fonds nie. As daar 'n bestaansnood by die gesin van die gewese predikant is, word bystand volgens KO, art 25 aan hulle verleen deur die kerk waarvan hulle lidmate is.</p> <p>8.3 As 'n predikantswewenaar/-weduwee hertrou en lidmaatskap van die kerk voortsit, is die Kerkraad waar die predikant gedien het verantwoordelik vir die finale besluit van die versorging van die predikantswewenaar/-wedu-</p>	<p>6.4 The following formula is applied to enable the churches to care for retired ministers:</p> <p>6.4.1 Care for a couple: <u>age on 1/7/2009 less date of ordination</u> <u>X base amount</u> 38</p> <p>6.4.2 Care for a couple: 100% of the care amount</p> <p>6.4.3 Individual: 70% of 6.4.2.</p> <p>6.5 This emeritus care is not linked to a certain salary, but serves to enable the churches to offer such care according to this ordering as stipulated by the Church Order.</p> <p>7. COMMENCEMENT OF CARE Emeritus care of a retired minister commences on the first day of the month that follows the month of his retirement, once the Church Council has given proper notice with the approval of the Classis to the Deputies, including the relevant paperwork.</p> <p>8. TERMINATION OF CARE</p> <p>8.1 It is the responsibility of the Church Council of the retired minister, as per CO, arts 13 and 20, to immediately notify the Deputies of the death of a beneficiary that the care of the deceased may be terminated and, if applicable, care adjustments may be made for the family.</p> <p>8.2 Should a minister/professor be dismissed from his office, in accordance to CO, arts 79 and 80, or change profession, as per CO, art 12, he and his family are not entitled to any payments or care from the Fund. In cases of subsistence need of the family of the former minister, support is offered according to CO, art 25 by their own church.</p> <p>8.3 Should a minister's widow/widower remarry and retain membership at the church, it is for the Church Council of the minister's final years of service to decide over the care of the minister's widow/widower. The Church Council sends a</p>
--	---

<p>wee. Die Kerkraad stuur 'n volledig gemotiveerde versoek aan die Deputate wat dan aan die hand van die toeligting met die onderhoud voortgaan.</p> <p>8.4 Indien lidmaatskap van die kerk beëindig, die Kerkraad wat volgens KO, artt 13 en 20 verantwoordelik is vir versorging 'n gemotiveerde besluit neem oor hoe die voortgesette versorging sal plaasvind en dit aan die Deputate Emeritaatsversorging kommunikeer.</p> <p>9. RAMINGSVERSPREIDING Die Deputate stel die ramings van jaar tot jaar vas.</p> <p>10. PLIGTE / VERANTWOORDELIKHEID / WERKSWYSE : THUSOFONDS Die pligte, verantwoordelikheid en werkswyse van die Deputate sal wees soos in die Ordereëling van die Fonds vasgestel.</p> <p>Besluit: Goedgekeur.</p>	<p>thoroughly motivated request to the Deputies who, in review of the relevant information, continue the care.</p> <p>8.4 Should members with the church be terminated, the Church Council responsible for care (according to CO, arts 13 and 20) must come to a motivated decision on how continued care will occur and communicate this to the Deputies.</p> <p>9. "RAMINGS" DISTRIBUTION The Deputies determine "ramings" amounts from year to year.</p> <p>10. OBLIGATIONS/RESPONSIBILITY / METHODOLOGY: THUSO FUND The obligations, responsibility and methodology of the Deputies are as determined by the Ordering of the Fund.</p> <p>Decision: Approved.</p>
---	--